# WELKOM NA ISLAAM

# مرحباً بالإسلام

# (باللغة الأفريكانز)

# WEET U DAT...

● Een uit elke vier persone ter wêreld 'n Moesliem is? Daar is een biljoen Moesliems ter wêreld.

● Oor 61% van die mense in Afrika Moesliems is? Daar is meer as 232 000 000 Moeslliems in Afrika.

● Afrika (Ethiopië) die eerste land was om aan die sending va.ı profeet Muhammad, reageer, toevlug en beskerming aan Moesliems wat vervolg was, gegee het.

● Islaam nie net 'n sleutel tot geestelike sy van die lewe is, maar ook 'n oplossing, tot jou ekonomiese, sosiale, politieke en familie lewe kan wees?

● Islaam is 'n algehele kode van lewe. Islaam beskou die menslike lewe as 'n digte geheel en verwerp enige verdeling van lewens aspekte, of dit nou ekonomies, opvoedkundig of sosiaal is.

● Moderne Wetenskap vooruit kom om te bevestig dat die Qur'aan nie deur 'n menslike wese saamgestel was nie, aangesien verskeie verduidelikings gemeld in die Qur'aan, nie in die verlede bekend kon gewees het tot die beskuldigde nie?

● Dit is 'n ware, goddelike, openbaring en leiding aan en vir die mensdom.

● Islaam 'n vrye keuse verwelkom om te dink en te redeneer, en nie tot enige Geloof deur emosionele uitbarsting te verswig nie.

● Elke Moesliem se plig is, om slegs die boodskap bekend te maak.

Die tyd aangebreek het om meer oor Islaam uit te vind? Moenie tot ander dag uitstel nie.

## Vrede met jou

Daar is geen uitoefening van mag waardeur iemand verplig word om die waarheid te aanvaar nie. Maar, dit is 'n skande bo-op menslike denkvermoë om nie bellangstelling te toon, om van die waarheid uit te vind nie!

Islaam leer dat 'n persoon vry moet wees om te kies: Daar is dus geen dwang op wie ook al, om Islaam te aanvaar. U word gevra om te

* Redeneer en te dink.
* Om oor te peins en te bevraag teken.

Niemand moet u aanspoor om vinnige besluite op Geloofl ike keuse te maak nie.

Dit sal u beter begryp as u die volle betekenis van die woord 'Islaam' verstaan. Islaam beteken; 'n totale vrvwillige onderwerping aan die wil van die Skepper. Wanneer u verstaan, erken of besef dat daar 'n GOD is; en dat daar geen ander goddelike natuur waardig is, om aanbid of gehoorsaam behoort te word nie, dan is u in die proses om uself oor te gee aan die wil van God.

Iedereen het daardie indiwiduele wil/wens. Niemand kan daardie wil wegneem en u dwing, om aan Gods wette onderdanig te wees nie. U moet uitvind, daar-oorpeins, bevraag'teken, en daardie besluit self neem.

## Islam en Moesliem

Islaam is 'n Arabiese woord; wat vrede, reinheid, aanvaarding en in iemand se sorg laat, beteken. Die geloof van Islaam is algehele aanvaarding van grondbeginsels van 'n dogma en riglyne van die Skepper. Dit wys die mens op die doel van sy skepping, bestaan en uiteindelike bestemming, en meer belangrik, voorsien dit hom met die nodige leiding om doelgerigte lewe te voer, ten einde 'n beloning in die hiernamaals te bekom

'n Moesliem is een wie die allerhoogste oppermag van God vrylik en willig aanvaar en strewe vir totale nuwe reëling van sy lewe, volgens die geopenbaarde leerstellings van God.

"Muhammedanisme" is 'n verkeerde benaming vir Islaam en aanstootlik vir sy geesdrif. As ons se geloof geklasifeer word as "Mohammedanisme" en ons as "Mohammedane" genoem word; sal daar ernstige verkeerde bedoelings/implikasies wees. Die verkeerde benaming dui aan dat die geloof sy naam van 'n sterflike wese, naamlik Mohammed verkry het en Islaam niks anders as ander menslike ontwerpte "ismes", soos Judaïsme, Hindoeïsme, Boeddīsme, Sosialisme, Marxisme, Kapitalisme, ensvoorts is. Ander verkeerde implikasies van hierdie benaming is; dat buitestaanders mag dink dat Moesliems wat hulle as Mohammedane bestempel, Mohammed aanbid en deur hom bid. Verdere verkeerde implikasies is dat die woord "Mohammedane" misleidend kan wees en buitestaanders sal laat dink, dat Mohammed die stigter en ontwerper van die geloof is en dus die geloof met sy stigter se naam sal koppel, soos ander ideëleer.

## Aaneenskakeling van die Boodskap

Islaam is nie 'n nuwe geloof nie. Dit is in beginsel, dieselfde boodskap en leiding wat God aan al Sy uitverkorenes (profete) geopenbaar het. Hulle pligte was om hierdie leiding te verkondig aan die mensdom. Die ketting van die profeetskap het met Adam begin en het voortgegaan met Noag, Moses, Abraham, Jesus, ensovoorts; en het geëindig met Mohammed.

Dit was noodsaaklik om profete op verskillende tye na verskeie lande te stuur, wat die verdwalende mensdom terug sou bring na die regte pad. Die boodskap wat aan Mohammed geopenbaar was, is Islaam, in sy veel omvattende, uitgebreide, volkome en finale doel-aanwysende vorm.

## Eenheid van God

Islaam beveel Eenheid en Oppermag (Soeweriniteit) van God, wat die mens bewus maak van die betekenisvolheid van heelal en sy plek op aarde. Hierdie geloof (oortuiging) verlos hom van alle vrees en bygelowigheid deur hom/haar bewus te maak van die aanwesigheid van Almagtige God en die mens se verpligtinge teenoor God. Hierdie geloof (oortuiging) moet in dade (aksie) op proef gestel en uitgedruk word, geloof alleen is nie voldoende nie. Geloof in God vereis dat ons na mensdom as een familie onder een universele Almag van God die Skepper en Voorsiener van almal moet opsien. Islaam verwerp die idee van 'n uitgekose persoon wat as bemiddelaar moet optree, dus, 'n direkte verwantskap word met God gevestig, oop vir iedereen, sonder enige bemiddelaar en redder.

## Die Qur'aan

Die Qur'aan is die heilige boek van Moesliems. Dit is die laaste openbaring van leiding vir die mensdom, wat God deur engel Gabrieël aan Mohammed geopenbaar het. Elke woord daarin kom van God. Moesliems leer gewoonlik om die Qur'aan in sy oorspronklike taal te lees en baie van hulle memoriseer die hele Qur'aan. Dit word van hulle verwag om sy betekenis te verstaan en sy leerstellings uit te oefen. Die Qur'aan is ongeëwenaard in sy opname en bewaring. Die verbasende feit omtrent hierdie boek is, dat dit onveranderd oor meer as veertien honderd jaar gebly het. Die Qur'aan handel oor die mens en sy uiteindelike doel in die lewe. Sy leerstellings bevat al die aspekte van hierdie lewe en die hiernamaals. Dit bevat beginsels, leerstellings en leiding oor elke menslike lewens-aspek. Die sukses van die mens op hierdie aarde en in die hiernamaals hang van sy gehoorsaamheid op goddelikke leerstellings af.

## Mohammed die Profeet

Mohammed, die laaste boodskapper van God, is gebore in Makka, Saudi Arabië in die jaar 571 (na Christus). Sy vader, Abdullah was dood voor sy geboorte en hy het sy moeder Amina verloor toe hy ses jaar oud was. Op sy 25 jarige ouderdom het hy met 'n edel vrou, Khadijah in die huwelik getree.

Hy het die openbaring van God ontvang in die jaar 611 N.C. toe hy 40 jaar oud was. Dit was die begin van sy werk as boodskapper van God. Die mense het in daardie tydperk afgode aanbid. Mohammed het hulle na Islaam uitgenooi. Sommige het goedhartig gereageer en Moesliems geword, terwyl ander hom bespot en teen hom gedraai het. Hierdie bespotting en teenstand het hom nie gekeer nie. Hy het aanhoudend God

se boodskap verkondig en die getal gelowiges het geleidelik vermeerder. Hy en sy volgelinge het verskriklike lyding deurgemaak en het 'n gedugte opposisie van die afgode dienaars gehad. In die twaalfde jaar van sy profeetskap het hy van Makka na Madina emigreer. Die mense van Madina het hom as boodskapper en leier aanvaar en hy het die eerste Islamitiese Staat daar gestig. Mohammed het voortgegaan om sy volgelinge te organiseer en die boodskap met onvergelykbare geduld en wysheid versprei. Uiteindelik was Islaam stewig gestig. Dit was bestem om groot bydrae te lewer tot die geskiedenis en die beskawing van die wêreld. Binne die bestek van 'n kort tyd is die boodskap in die wêreld teen daardie tyd versprei. Byna 900 miljoen Moesliems van die hedendaagse wêreld belei steeds hul geloof in die boodskap. Die Ideologie van Islaam wat gedurende die tydperk van Mohammed voltooi is, is in staat om die hedendaagse probleme van die mensdom op te los. Islaam is die enigste hoop vir die hedendaags sowel as die toekoms. Die noodsaaklikheid is om dit getrou toe te pas. Mohammed wat volgens die Qur'aan, genadige/barm-hartige van die heelal en die perfekte voorbeeld om te volg is, het in 632 (NC) gesterf. Hy het die Qur'aan en sy leefwyse nagelaat, as bronne van leiding vir alle geslagte.

## Die Konsep van Aanbidding

Islaam leer of aanvaar nie ritualisme nie. Dit beklemtoon bedoeling en daad. Om God te aanbid is om Hom te ken, lief te hê en volgens Sy wette te handel, in elke aspek van jou lewe, om goedheid te geniet en verkeerde handeling en onderdrukking te verbied. Om liefdadigheid/aalmoes en geregtigheid te beoefen en Hom te dien, deur die mensdom te dien.

Die QUR'AAN lê die konsep voor in die volgende verhewene manier:

"Dit is nie regverdigheid om julle gesigte na die Ooste of Weste te draai nie, maar regverdig is die een; wie in God, die laaste dag, en die engele, boeke, profete glo en sy weelde gee vir Sy liefde aan die verwaante en weeskinders..." (Qur'aan 2-177)

## Islaamitiese Leefwyse

Islaam voorsien definitiewe riglyne vir almal in alle aspekte van die lewe. Die leiding wat Islaam gee, is alomvattend en sluit in; die sosiale, ekonomiese, politieke, morele, opvoedkundige, geestelike, ensovoorts; aspekte van die lewe. Die Qur'aan herinner die doel van die mens op aarde, sy pligte en verpligtinge teenoor homself, sy familie en kenisse, sy gemeenskap, sy medemens en sy Skepper. Mense is fondamentele riglyne oor doelgerigte lewe gegee en is met 'n uitdaging gelaat om hierdie hoë ideale in werking te stel.

## Sommige Verdraaide Uitsigte oor Islaam

Dit lei tot ongelukkigheid dat sommige leerstellings verkeerd en verdraaid in die Westerse wêreld voorgedra word. Ware Islamitiese uitsigte oor paar van talle is soos volg:

**a) Status van die Vrou**

Geen diskriminasie is op grond van geslag nie. Maar Islaam laat die mens besef, dat die sfere van potensiale bevoegdheid en daarom die verantwoordelikhede van man en vrou gelyk belangrik is, maar nie presies dieselfde is nie.

b) **Huwelik en Egskeiding**

Huwelik is 'n baie belangrike en Heilige kontrak in die verwantskap tussen man en vrou en 'n stap na betere, reine en gelukkige lewe. Islaam gee beide man en vrou volle reg om te skei. Nietemin, egskeiding word ontmoedig en is toegelaat as 'n uiterste toevlug. Islaam laat beperkte veelwywery toe en slegs as 'n geneesende onderwerp; op sekere kondisies en verwikkelinge.

c) **Die Heilige Oorlog (Jihad)**

Solank daar onregverdige wette en dade; verdrukking; grillige en eiemagtige aanspraak in die wêreld voorkom, sal oorlog 'n noodsaaklikheid en 'n lewens-feit wees. Islaam laat oorlog toe, slegs in verdediging teen gewelddaad en Moesliems veg slegs vir geregtigheid en in die pad van God. Islaam maak duidelik dat daar geen dwang in Geloof is, maar een van die mees onsinnige stories is; dat Islaam met swaard verkondig en verspreid was. 'n Opregte nie-Moesliem geskiedkundige het openlik verklaar, dat al die oorloë wat as Jihad beskryf kon word, in verdediging geveg was.

## Mens, die Vrye Onafhanklike Verteenwoordiger

Mens is die hoogs intelligente skepping van God en is vry om eie weg te kies. Geskape, met hoë potensiale, is mens betreklik vry in sy wil, dade en keuse. God het hom die regte weg gewys en die lewe van Profeet Mohammed; voorsien 'n perfekte voorbeeld. Mens se sukses en verlossing is te vinde deur hulle te volg (Qur'aan en Hadith). Islam leer, onskendbaarheid in die mens se persoonlikheid en verleen gelyke regte op almal, sonder enige onderskeiding op kleur, ras of geslag. Die wette van God wat in die Qur'aan geformuleerd is, en voorbeeldige lewe van die profeet sal in

alle opsigte, die opperste wees. Dit geld gelyk vir hoë en laë persoon; die prins en die kneg, die regeerder en die regeerde.

## Islaam se Redelike Beroep

Islaam in sy duidelike en direkte wyse om die waarheid uit te druk, het 'n geweldige hoeveelheid beroep vir enige persoon wat kennis soek. Dit is 'n oplossing vir al die probleme van die lewe. Dit is 'n leiding tot betere en volkome lewe wat in alle fase, God die Almagtige Skepper en die Barmhartige versorger verheerlik.

## Waarheen Lei die Wêreld Hedendaags?

In hierdie 20ste eeu van die ruimte tydperk en hoogs kragtige tegnologie, is daar steeds buitengewone verbassingwekkende hoeveelheid van vervolging, onderdrukking en ellende. Die vraag ontstaan wat ons self moet afvra:

Is ons die sogenaamde beskaafde skepsels van God wat verstand vergun is?
Het die mense hulle bevry van alle bygelowighede, swaksinnighede en onsinnige oortuiginge?
Het die mense ontdek dat hulle die verteenwoordigers van God is?
Het die mense hulle bevry, om die juk van wêreldse tiranne af te skud, wat hulle verwen in uitbuiting van persoon tot persoon?

Ons maak baie vooruitgang in geneeskunde, dat ons self organe van een persoon na 'n ander kan oorplant; nogtans, sterf groot getal van ons kinders van ondervoeding en ooreeting. 'n Groot getal van mense pleeg selfmoord, deur oormatige verbruik van alkohol, wat 'n wettige gif is.

Wat is die doel van die hedendaagse wêreld?
Is daar 'n einde in insig vir al hierdie ellende?
Is daar 'n oplossing vir al die probleme van hierdie wêreld?

As 'n vrederyk nie bereik kan word, tenspyte van al die ontwikkelinge in wetenskap en tegnologie, dan het Islaam steeds 'n groot en roemryke rol om te speel in die hedendaagse wêreld.
Moesliems glo sterk dat daar 'n oplossing is.
Die oplossing is Islaam.
Islaam is 'n oplossing vir die rasse beleid, nie-eensluidendheid, alkoholisme, onsedelikheid, geestelike, politieke en ekonomiese onbestendighede.

Die publiseerder voorsien hierdie boek, met die hoop dat iedereen Islaam bestudeer en die waarheid vir hom/haar moet uitvind.

Sal u hierdie boek aangee?

---

# MAG GOD ALTYD MET U WEES!

هدية من جمعية تبليغ الإسلام
Conveying Islamic Message Society
P.o.Box 834 - Alex - Egypt
Site: www.islamic-message.net
E-Mail:info_en@islamic-message.net
Tel: 0106901838